UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
GCE Advanced Subsidiary Level

# MARK SCHEME for the October/November 2009 question paper for the guidance of teachers

## 8679 AFRIKAANS LANGUAGE

**8679/02** Paper 2 (Reading and Writing), maximum raw mark 70

This mark scheme is published as an aid to teachers and candidates, to indicate the requirements of the examination. It shows the basis on which Examiners were instructed to award marks. It does not indicate the details of the discussions that took place at an Examiners' meeting before marking began, which would have considered the acceptability of alternative answers.

Mark schemes must be read in conjunction with the question papers and the report on the examination.

- CIE will not enter into discussions or correspondence in connection with these mark schemes.

CIE is publishing the mark schemes for the October/November 2009 question papers for most IGCSE, GCE Advanced Level and Advanced Subsidiary Level syllabuses and some Ordinary Level syllabuses.

UNIVERSITY of CAMBRIDGE International Examinations

www.theallpapers.com

**Afdeling 1**

**1 Vind die woord in die eerste vier paragrawe van die teks wat ooreenstem met die volgende definisies:**

**(a)** misdadige [1]

**(b)** insigte [1]

**(c)** gesê [1]

**(d)** oorblyfsels [1]

**(e)** toentertydse [1]

**[Totaal: 5]**

**2 Verduidelik die volgende sinne of sinsdele sover as moontlik in jou eie woorde. Begin jou sinne met die woorde tussen hakies.**

**(a)** Verskeie beskrywings is al vir graffiti gegee/geopper. [1]

**(b)** Kinders wat dit moeilik vind om dit nie te doen nie. [1]

**(c)** Daar word gesê dat goedgemanierde mense nie sulke dinge doen nie. [1]

**(d)** Hierdie soort graffiti is veral komies/snaaks. [1]

**(e)** Die individu voel baie keer dat hy nie deel is van hierdie wêreld/samelewing/groep/omgewing nie. [1]

**[Totaal: 5]**

© UCLES 2009

www.theallpapers.com

**3 Beantwoord die volgende vrae in jou eie woorde. Bepaal jou by die teks, maar moenie sinne direk uit die teks oorskryf nie.**

**(a)** wat gepaard gaan met ('n misdadige leefwyse) [1]

**(b) (i)** 'n Wit muur is 'n dwaas se papier. [1]

**(ii)** Die kandidaat moet kan verduidelik dat 'dwaas' verwys na 'n onverstandige persoon. Verder moet die kandidaat kan wys dat hy/sy verstaan dat skrywe/teken op mure as onbeskaaf of onaanvaarbaar beskou word. [1]

**(c)** Die kandidaat moet kan identifiseer dat die groter mure van hedendaagse gebouwe ✓en die ontwikkeling van die spuitverfkannetjie ✓ hiervoor verantwoordelik is. [2]

**(d)** 'n Gepaste antwoord kan insluit dat klein brokkies gegewens in die vorm van grafitti of argeologiese oorblyfsels ✓ belangrike informasie kan verskaf oor die mense wie dit geproduseer het ✓, ***of:*** dat grafitti en argeologiese oorblyfsels ontsyfer moet word ✓ sonder hulp van die oorspronklike eienaar/skrywer ✓. [2]

**(e)** Die kandidaat moet kan verduidelik dat die kunstenaar voel dat daar te veel (groot) geboue in stede is ✓, en dat meer groenigheid nodig is ✓. [2]

**(f)** Gepaste definisies sou insluit sosiaal-onaanvaarbare denke of gedrag, of (ongeskrewe) sosiale beperkings op gedrag en denke. [1]

**(g)** Die volgende aspekte kan genoem word:
Om vandalisme te bedryf ✓
Om kuns/popkuns te skep ✓
Om wyshede/profetiese insigte te verkondig ✓
Om te protesteer ✓
Om persoonlike vryheid/identiteit/mening te uit ✓ [5]

Inhoud: [15]

Taal (die bepunting hiervoor word in die sillabus gegee): [5]

**[Totaal: 20]**

© UCLES 2009

www.theallpapers.com

**Afdeling 2**

**4 Beantwoord die volgende vrae in jou eie woorde. Bepaal jou by die teks, maar moenie sinne direk uit die teks oorskryf nie.**

**(a)** Die kandidaat moet aandui dat die skrywer wil bevraagteken of graffiti werklik niksseggend of betekenisloos is ✓, of dat dit ons juis belangrike informasie gee oor wat die bevolking dink of voel ✓. [2]

**(b)** Die kandidaat moet die volgende uit die teks kan lig:
'n Manier waarmee onderdrukte groepe hul stem kan laat hoor ✓;
Vir openbare debat/gespreksvoering tussen mense ✓. [2]

**(c)** Die kandidaat moet hier die sinsnede 'ongelooflike diep insig' kan identifiseer. [1]

**(d)** 'Ek sal nooit Engels praat nie' sou 'n gepaste antwoord wees ✓ met die verduideliking dat perde (natuurlik) geen horings kan kry nie en dat 'n situasie waarin die kunstenaar Engels sal praat derhalwe ondenkbaar is ✓. [2]

**(e)** Die kandidaat moet die betekenis van die gesegde '... vir Afrika' kan gee, byvoorbeeld: 'oorgenoeg' of 'genoeg vir iedereen' ✓. Om die volgende punt te kan kry moet die kandidaat die sinspeling op die woorde 'Afrika' en 'Afrikaans' in die woord 'Afrika(aans)' verduidelik ✓. Die feit dat die H.A.T. as 'n belangrike bron vir korrekte Afrikaanse taalgebruik beskou word en as sodanig deel vorm van 'n Afrikaanse identiteit, kan ook genoem word. [2]

**(f)** Godsdienstige graffiti is populêr ✓.
Daar word min respek getoon vir godsdiens-temas in graffiti ✓. [2]

**(g)** 'n Gepaste antwoord sou aandui dat daar sekere mense is wat slegs iets ernstig sou opneem of glo as dit in Bybel staan ✓, en dat die gebruik van die fiktiewe verwysing wys dat die kunstenaar sterk voel oor sy/haar saak en hoop dat dit sal help om die teks tot mense deur te laat dring ✓. [2]

**(h)** Die kandidaat moet die sin so kan omskryf dat die volle betekenis duidelik is: 'Daar is baie mense wat verkeerd gedink het dat Hiskiël 'n boek uit die Bybel is ✓, omdat hulle te vinnig verby gery of gestap het' sou 'n goeie antwoord wees ✓. [2]

Inhoud: [15]

Taal (die bepunting hiervoor word in die sillabus gegee): [5]

**[Totaal: 20]**

© UCLES 2009

www.theallpapers.com

**5 Beantwoord die volgende twee vrae:**

**(a)** Die kandidaat moet 'n gepaste, uitgebreide antwoord gee met maksimaal vyf voorbeelde (godsdiens; sosiale interaksie; politiese aspekte; kuns; filosofie; opinie; ens.). Tot vyf punte word gegee vir die noem/beskryf van die ooreenkomste, en tot vyf punte vir 'n verduideliking/bespreking van hoekom hierdie voorbeelde ooreenkomstig is. [10]

**(b)** Doelmatige verwysings na die twee tekste word verwelkom, maar daar word verwag dat kandidate 'n persoonlike opinie sal gee wat spesifiek verwys na die Suid-Afrikaanse konteks. Die bepunting vir hierdie deel van die vraag word in die sillabus gegee onder 'Response to text'. [5]

Inhoud: [15]

Taal (die bepunting hiervoor word in die sillabus gegee): [5]

**[Totaal: 20]**

© UCLES 2009

www.theallpapers.com